



# Hoërskool De Aar High School

## Waardegedrewe/Value driven



1/2021

23 April/23 April 2021

Skoolhoof/Principal: **Mnr. J.C. Koen**

Tel: **053-631-3691/631-3332**

Fax: **053-631-0964**

Webwerf: [www.hsda.co.za](http://www.hsda.co.za)

Email address: [admin@hsda.co.za](mailto:admin@hsda.co.za)

**Neem kennis dat GEEN kos, sakke, klere of geld voortaan by die kantoor gehou sal word nie. Leerders moet self hul benodighede skool toe bring en by hulle hou.**

### Personeel

Gedurende kwartaal een het ons met spyt verneem dat me Zietsman met siekte tydelik afgeboek is. Ons vertrou sy sal spoedig herstel en terugkeer.

Uiteraard moes skommeling op die rooster plaasvind.

Me Lumarie Opperman is aangestel, in 'n beheerliggaampos. Ons verwelkom haar op die Hoërskool De Aar span! Me Astrid van Staden is as graad 8 onderwyser aangestel. Die Skool beheerliggam het dit goed gedink om die graad 8's in vier klasse te verdeel, sodoende hoef die leerders nie om die beurt skool by te woon nie.

### Karoo fees 2021

Dit is met spyt dat die afgelope Karoo fees: moontlik gemaak deur GWK en KYTO, deur die Hoërskool De Aar Ouertrust afgestel moes word as gevolg van die Covid-19 pandemie en die gevolglike beperkings. Dit was 'n geweldige finansiële terugslag. Ons glo en vertrou ons sal weer 2022 'n fees van 'n baie hoë standaard kan aanbied!

### Beheerliggaam

Die afgelope kwartaal was daar landswyd Beheerliggaamverkieings. Daar was staatmakers op die vorige SBL wat nie weer beskikbaar was nie. Me Marlene Duvenhage en mnr Pieter du Toit was vir ses jare staatmakers! Baie dankie ook aan mnre Pierre Fourie en Johan Ritter vir hulle harde werk. Elkeen van hulle het sorg gedra dat die skool se belange en die belange van elke leerder, bo hul eie belange gestel word. Mnr Johan Ritter wat die afgelope jaar die voorsitter was, het onder baie moeilike en uitdagende omstandighede, uitstekende leiding geneem. Ons weet dat ons ook in die toekoms op elkeen se kundigheid en ondersteuning kan staatmaak.

During the elections the following parents were elected:

Mr Hentie van der Merwe	Chairperson
Mr Stephan Menne	Vice chairperson
Mr Bennie Steyn	Treasurer
Mr Llewellyn Festus	Discipline and Maintenance
Mr Aldo Munz	Discipline

Enige skool het 'n effektiewe en funksionele Beheerliggaam nodig. Hoërskool De Aar is voorwaar bevoorreg om 'n baie bekwame en gedrewe Beheerliggaam te hê. Hul is verbind tot die sukses van die skool. Baie sterkte en voorspoed aan elkeen van u!

### Akademie se prestasies

Baie geluk aan die volgende vyf toppresterders per klasgroep vir April 2021:  
*Congratulations to the following five top achievers per class group for April 2021:*

<b>Graad 12 A</b>	<b>%</b>	<b>Graad 12 B</b>	<b>%</b>	<b>Graad 12 V</b>	<b>%</b>
Jeandré Rust	79.86	Michelle Louw	81.71	Zimkhitha Silo	76.71
Marlu de Klerk	76.85	Jeané Erasmus	75.86	Angelique vd Walt	75.57
Megan Bosman	73.71	Stephnie Douw	75.43	Kayla Blom	74.57
Maureen Foster	71.71	Chandrey Geyser	74.57	Asikelele Krawe	73
Akhanya Mbalula	69.43	John-Ross Maske	73.14	Chanique van Syfer	73
Minitle Mvenya	69.43				

<b>Graad 11 B</b>	<b>%</b>	<b>Graad 11 J</b>	<b>%</b>	<b>Graad 11 N</b>	<b>%</b>
Anja Kleynhans	87	Abigail Struis	79.86	Jaco vd Merwe	80.71
Vicky Coetzee	82.14	Courtney van Syfer	75.86	Megan Ritter	77.71
Mckaylin Viljoen	75.43	Milly-Van Samson	74.43	GD Botha	75.29
Waldo vd Merwe	71.71	Ize-Mari Ebden	72.71	André Theron	75.14
Ethan Afrika	71	Micheale-Ryan Solomon	72.29	Marieke Steyn	71.86

<b>Graad 10 A</b>	<b>%</b>	<b>Graad 10 B</b>	<b>%</b>	<b>Graad 10 M</b>	<b>%</b>
Prince Rajabu	79.85	Elizca Bester	79.29	Amand Kitengye	71.14
Carishna Morker	72.29	Jaco Mouton	75.86	Anam Tyesi	67.57
Maryke Kruger	70	Laurentia Olifant	75.71	Vuyisa Matta	65.57
Marco Gadney	69.43	Karla Dumas	68.29	Eshandro Damoense	63.57
Dieter Wilson	69.14	Siyanda Cube	67.43	Buhle Nathu	62.14

<b>Graad 9 D</b>	<b>%</b>	<b>Graad 9 J</b>	<b>%</b>	<b>Graad 9 N</b>	<b>%</b>	<b>Graad 9 V</b>	<b>%</b>
Liné Pienaar	91	Buhle Jongile	71.44	Antoné Menne	96.44	Onwabile Lusiba	-
Christo Kruger	86.44	Avumile Pieterse	61.67	Ulrich Brand	90.22	Asekho Mmele	-
Yolisa Gedezana	80	Asamkele Malgas	61.33	Leandro de Carvalho	89.78	Andanathi Magade	-
Welmy Erasmus	77.67	Othandwayo April	-	TC Markgraaff	86.44	Samantha Baardman	-
Lelandie Coetzee	77.67	Bernardo Isaacs	-	Anika Steyn	85	Siya Gebe	-

<b>Graad 8 B</b>	<b>%</b>	<b>Graad 8 C</b>	<b>%</b>	<b>Graad 8 L</b>	<b>%</b>	<b>Graad 8 O</b>	<b>%</b>
Siyolisa Biko	61	Charlize Barnard	83.56	Elrisa Truter	84.22	Marlin Baily	65.78
Alxavier Mckay	-	Dawson Jonker	79	Nicole Afrika	83.11	Avuzwa Hugo	63.89
		Vida Smiles-Dhiel	79	Rico van Heerden	81.33	Sergio Davis	61.78
		Farren Duthie	78.89	Sibusiswe Sam	74.22	Angela Kohl	61.22
		Chloe Jonker	72.44	Onwaba Mrwadi	71.22	Joshua Horne	60.67

### Akademie se Detensie

Die onderwysers word deur die kurrikulum verplig om verskeie assesserings af te handel. Daar is egter leerders wat versuim om sommige assesserings, soos byvoorbeeld take, in te gee en daarom is die volgende besluit geneem:

- Leerders wat die assessering nie op die gegewe datum ingee nie, word op Akademie se Detensie geplaas.
- Die ouers/voogde sal Donderdagmiddag deur middel van 'n sms in kennis gestel word dat die leerder die volgende dag, Vrydag na skool, Akademie se Detensie moet sit.
- Die leerder sal op daardie Vrydagmiddag vir 'n volle uur en 'n half die assessering in die aange-wese onderwyser se klas voltooi.
- Die assessering sal na die 90 minute ingeneem word.
- Die leerder sal slegs gevrywaar word van die Akademie se Detensie indien die assessering teen Donderdag, voor die skool verdaag, by die betrokke onderwyser ingegee is.
- Indien die leerder nie vir Akademie se Detensie opdaag nie, sal hy/sy 150 strafpunte ontvang.

## Kleredrag vir die Covid-19 termyn

### Dinsdae en Donderdae

#### KAROOFEES – t-hemp

- Dra met toe skoene en jean-broek
- Skooltrui, nie skoolbaadjie nie
- Alle ander skoolreëls geld, hare, juwele ens.
- Slegs op Dinsdae en Donderdae

#### SPORTDRAG – skool

- Volledige HSDA sweetpak
- Volledige HSDA sportdrag, hemp en navy kortbroek (broek mag nie te kort wees nie)
- Langmou navy t-hemp, I love netball, tennis, hokkie vir meisies
- Alle ander skoolreëls geld steeds, geen kopbande ens.

#### SPORTDRAG – Provinsiaal

- Volledige sweetpak van betrokke sport
- Indien slegs 'n top, baadjie, hemp ontvang is – dra dan navy/swart sweetpakbroek of navy kortbroek.
- Dis 'n sportdrag – sweetpak.(nie sivië broek of jean nie)
- Alle ander skoolreëls geld.

### Maandae, Woensdae, Vrydae

#### WINTERSDRAG

Volledige drag – dan is beanie toelaatbaar

Meisies – moet das, baadjie en langbroek aanhê

#### Gr. 12 Matriekdrag

Slegs Dinsdae en Donderdae. Matric jackets with jean and sneakers

Gr. 12-leerders dra Maandae, Woensdae en Vrydag volledige skooluniform.

Gr. 8, 9, 10 en 11: Maandae, Woensdae en Vrydae volledige skooluniform.

## Kommunikasiekanale

Alle ouers is nie altyd so seker wat die regte kanale is om te volg wanneer daar 'n probleem opduik nie. Dit is ook so dat 'n probleem nie sal verdwyn of opgelos word indien u dit met Jan Alleman bespreek nie. Dit, intendeel, veroorsaak soms 'n ongelukkigheid wat 'n rimpeleffek tot die gevolg het en die saak verder aanblaas.

Dit is daarom belangrik dat, indien iets pla, u pro-aktief sal optree deur die regte kanale te volg om sodoende die probleem op te los.

Die eerste stap sou wees om die betrokke graadhoof te skakel om meer inligting, raad, of hulp en u dus in die regte rigting kanaliseer. Sodoende kan misverstande ook duidelik uit die weggeruim word.

Maak asseblief 'n afspraak met die betrokke persoon om enige probleme uit te sorteer in die volgende volgorde:

Graadhoof -> Skoolhoof -> indien u navraag nie na wense opgelos is nie, rig 'n skrywe aan die Voorsitter van die Beheerliggaam via die skoolhoof.

Ons dank u byvoorbaat dat u ten tye van hierdie moeilike situasies, volwasse en korrek sal optree.

## **Verantwoordelikheid van skool, beheerliggaam en personeel insake bywoning van skool en skoolaktiwiteite deur leerders**

Die skool wil u graag in kennis stel dat die bogenoemde betrokkenes se verantwoordelikheid vir leerders **15 minute** voor 'n aktiwiteit begin en **15 minute** na 'n aktiwiteit ophou. Personeel word volgens 'n rooster ingedeel om gedurende pouses terreindiens te doen. Me Wilna Myburgh, is 15 minute voor die skool begin en 15 minute nadat die skool verdaag het, in haar kantoor vir noodgevall.

Die personeel betrokke by buitemuurs, is soos op die buitemuurse program aangedui. Die leerders het almal selfone en die afrigters/busbestuurders sal vir 15-minute op die terrein beskikbaar wees nadat die bus gearriveer het.

U moet asseblief kennis neem dat buite genoemde tye, u as ouer/voogde verantwoordelikheid vir u kind se veiligheid moet aanvaar.

U samewerking in verband met bogenoemde sal hoog op prys gestel word.

### **Positiewe kommunikasie oor die skool en tussen ouers**

Onderwysers is professionele mense wat aangestel word om 'n sekere taak te verrig. Die onderwysberoep vereis egter baie meer van personeel as om net kennis oor te dra. Die personeellede word op verskeie terreine beoordeel en daarom is die beroep veeleisend. 'n Onderwyser moet baie opoffer en take verrig wat nie altyd met die beroep verband hou nie.

Ouers is egter soms geneig om onderwysers voor hulle kinders en vriende af te takel, in plaas daarvan om die probleem met die skoolhoof te bespreek en op te los. Hierdie leerders se gesindheid word negatief beïnvloed, met die gevolg dat sy prestasie en verhouding met die personeellede daaronder ly.

Personeellede maak foute, maar werk op talle terreine toegewyd om die beste vir ons leerders te bied. Ons wil glo dat die oorgrote meerderheid van ons ouerkorps waardering het vir wat die personeel doen en trots op hulle is. Kom ons werk almal saam om die skool 'n besondere instansie te maak.

U word vriendelik uitgenooi om 'n afspraak met die skoolhoof te maak indien daar probleme is.

### **Leerders en Facebook**

Dit blyk dat leerders nie besef watter impak sekere Facebook "status updates" kan hê en ook nie watter gevolge hierdie "updates" kan inhou nie.

Dit is egter so dat enige "status" wat 'n ander persoon of instansie se reg op waardigheid en respek aantast, of wat daarop gemik is om 'n persoon of instansie te verkleiner, deur die Suid-Afrikaanse regstelsel as *crimen injuria* (laster) beskou word. Die gevolg is dat 'n persoon nie net strafregtelik aangekla kan word nie, maar ook 'n siviele eis in die gesig kan staar.

Daar was reeds gevalle in Suid-Afrika waar persone vir *crimen injuria* gearresteer is en ook siviël gedagvaar is nadat lasterlike opmerkings op Facebook gemaak is.

Ons wil leerders dus versoek om nie hul griewe teenoor mede-leerders of die skool op Facebook te lug nie, maar eerder die saak onderling op te los.

Indien enige leerder strafregtelik aangekla of siviël gedagvaar word vir enigiets wat hulle op Facebook sê, sal die skool hom van so 'n leerder distansieer en sal die leerder die gevolge van sy/haar optrede moet dra.

### **O<sup>2</sup> projek**

Graag herinner ons ons ouers aan ons O<sup>2</sup> projek, hier by Hoërskool De Aar.

O<sup>2</sup> staan vir omgee en ondersteun. Ons vra vriendelik dat u ons sal inlig wanneer u kind deur 'n traumatiese, lewensveranderende situasie gaan. Hetsy 'n klein- of groot gebeurtenis, by u huis of werk of breë gesin, dit beïnvloed u kind. Soms behels dit onsekerheid, verandering of vrese, soms hartseer

of bekommernis en dit okkupeer u kind se gedagtes en leefwêreld. Laasgenoemde veroorsaak dat hul nie optimaal kan konsentreer en fokus op akademiese gebied of die sportveld nie.

Ons vra dat u tydens hierdie seisoen, die vrymoedigheid sal neem om u kind se registeronderwyser of 'n vertroueling op die personeel, te verwittig.

Ons onderneem om dit konfidensieel te hanteer en u kind te ondersteun.

## **SPORTNUUS/BUITEMUURS**

### **Prosa-aand**

Op 31 Maart 2021, het Hoërskool De Aar hul jaarlikse prosa-aand aangebied. Die leerders was opgewonde en die plan was om die vertoning buite op die rugbyveld te hou. Die tema vir die aand was 'Stories onder die sterre'. Kort voor die vertoning het die weer egter anders besluit. Ons moes nodeloos die verhoog na binne skuif. Met 'n uitstekende tegniese span was alles in 'n japtrap na binne geskuif. Die verhoog was in 'n sterre hemel atmosfeer omskep.

Die leerders het hul gedeeltes voorgedra en die gehoor se asem weggeslaan.

Die Hoërskool De Aar koor het die aand opgehelder met hul pragtige stemme.

Ons waardeer elkeen wat ten spyte van die reënweer geen moeite ontsien het om ons te ondersteun nie.

### **Krieket**

Hoërskool De Aar se krieketseuns was opgewonde om na 'n lang gewag weer hard te oefen. Die eerste krieketspan het die afgelope kwartaal, as gevolg van die Covid-19 pandemie, slegs een wedstryd gespeel.

Hoërskool De Aar het kragte teen Hoërskool Middelburg gemeet. Ons kon egter nie daarin slaag om die wedstryd te wen nie. Ons sien uit na die liga wat later die jaar begin.

### **Netbal**

Twee van Hoërskool De Aar se netbalspanne het op 16 en 17 April aan Hoërskool Upington se sportdag gaan deelneem. Na die vorige Covid-jaar was die uitstappie en saam koshuis bly, ry en kuier weer heerlik.

Die eerstespan skop die naweek met hul wedstryd teen Hoërskool Kathu af. Hul bly die hele wedstryd 'n kortkop voor, maar in die vierde kwart vat hul behoorlik vlam. Hul goeie samespel besorg hul 'n oorwinning van 19-14.

Hul kom ook teen Hoërskool Upington en Hoërskool Duineveld te staan. Hulle slaag wel nie daarin om te wen nie, maar kon tog hul staal wys en het waardevolle ondervinding opgedoen vir die res van die seisoen.

Die o.16-span speel teen Hoërskool Upington, Hoërskool Martin Oosthuizen van Kakamas en Duineveld. Die verdedigers het hul deurgaans goed van hul taak gekwyt en die ander spanne opdraande gegee. Alle geleenthede in die doelsirkel is egter nie benut nie en hulle kon ongelukkig nie daarin slaag om te wen nie.

### **Hoërskool De Aar Rugby**

Hoërskool De Aar se drie rugbyspanne is al 'n groot gedeelte van die eerste kwartaal aan die oefen. Volgens Suid-Afrikaanse rugby voorskrifte moet alle skole vier weke nie kontak oefen, gevolg deur vier weke van kontak oefening. Hoërskool De Aar het die voorskrifte tot op die letter gevolg en is dus reg om kwartaal twee met 'n volledige rugbyseisoen af te skop. Daar sal slegs vriendskaplike wedstryde gespeel word en ongelukkig word geen toeskouers toegelaat nie.

Alle Covid-19 maatrëels word streng gevolg en ons wil ouers graag gerus stel dat hul kinders se veiligheid vir ons prioriteit is.

Ouers kan op die datumlys kyk vir tuis- en weg-wedstryde, asook proewe datums.

## **Chess**

De Aar High School chess club had a great kick off for the 2021 season. Our players increased from a mere seven in 2020 to twenty four this year. On 20 March 2021 we played an open tournament in Kimberley for all ages and ranks. Dawson Jonker was in first place and Amand Kitengye third place. The 27 March 2021, De Aar High School hosted the first of three Pixley trials. Amand Kitenye was in first place. On 17 April 2021 we played the second trials in age groups at the Hopetown High School tournament. Our learners did very well at this tournament.

u.20	Likhanyile Mdaka	Second
	Lihle Saul	Third
u.18	Minintle Mvenya	First
	Ashwin Scheepers	Third
u.16	Dawson Jonker	Third

## **Tennis**

Op Vrydag 12 Maart 2021 speel Hoërskool De Aar sy eerste wedstryd van die seisoen. Opgewonde om weer tennis te kan speel, vat Hoërskool De Aar die pad na Gariepdam waar daar kragte teen Hoërskool Fichardtpark gemeet is.

Die dogters speel baie goed en wen hul enkels. Die seuns verloor net-net hul enkels, maar wys hul staal teen hulle opponente.

Die spelers het uitgesien om weer teen Hoërskool Middelburg kragte te meet, aangesien daar altyd 'n goeie gees heers. Dinsdag 16 Maart 2021 was geen uitsondering nie en gaan speel ons teen Hoërskool Middelburg op Middelburg. Elke speler het dit baie geniet, maar daar is nog steeds kompeterende tennis gespeel.

Hoërskool De Aar wen Hoërskool Middelburg oortuigend in dubbels, gemengde spel en enkels.

## **Noord-Kaap Minis**

Gedurende die eerste kwartaal van 2021 het Hoërskool De Aar se tennisspelers aan verskeie mini-tennistoernooie deelgeneem. Die mini-toernooie is gelykstaande aan provinsiale tenniswedstryde en die kompetisie in hierdie toernooie is gewoonlik baie straf. Elke speler wat aan drie mini-toernooie deelneem, verwerf Noord-Kaap klere in tennis.

Die volgende tennisspelers van Hoërskool De Aar het deelgeneem aan hierdie mini-toernooie en goeie resultate verwerf:

- Vicky Coetzee
- Jeandre Rust
- Kobus van der Walt
- Marieke Steyn
- Anika Steyn
- Welmy Erasmus
- Antoné Menne

## **Karate**

Op Vrydag 16 April 2021, het die volgende karatekas aan 'n Gasshuku te Emthanjani Dojo deelgeneem. Heinrich Munz(hulp afrigter), Alizwa Dombo, Leilande Coetzee, Khanyisa Ngonyama en Rico van Heerden, onder leiding van Sensei Hendrik Fourie(Korvies Dojo).

Op Saterdag 17 April 2021 het hulle nog 'n Gasshuku gehad. Die volgende karatekas het suksesvol gradeer:

- Alizwa Dombo
- Leilandie Coetzee
- Kanyisa Ngonyama
- Rico van Heerden

## Gholf

Die naweek van 19 en 20 Februarie 2021 het André Theron aan die Noord-Kaap Ope in Kimberley deelgeneem. Die kampioenskappe was gespeel oor 54 putjies met 'n totaal van 88 spelers wat ingeskryf het. André het met rondtes van 84, 84 en 76 (Netto telling 226) derde geëindig uit die 18 kinders wat aan die Toernooi deelgeneem het.

## Fietsry

Gedurende die naweek van 27 en 28 Maart 2021, neem GD Botha aan die SA Downhill MTB Championships te Paarl deel. Ongelukkig kon hy weens 'n besering wat hy gedurende die kompetisie opgedoen het, nie die resies voltooi nie.

## CSV/UCSA

Die nuwe kringleiers het met ywer hierdie nuwe kwartaal afgeskop. Altesaam dertig groepleiers woon weekliks die toerustingssessies by en dra dan die geestelike boodskap oor aan hul onderskeie groepe.

The UCSA group leaders aspire to support their small groups on individual level, especially there where support is needed, whether physical, spiritual or emotional.

We realised there was a need for Bibles and therefore held a fundraiser and gave each one who in dire need of one, a Bible in the language of their choice.

The group leaders concluded the term with a movie night. The inspirational movie, 'Overcomer' was enjoyed.

## Skooltye en kwartale

2021	
Openbare Vakansiedae/Public Holidays	
New Year's Day	1 January
Human Rights Day	21 March
Public holiday	22 March
Good Friday	2 April
Family Day	5 April
School holiday	26 April
Freedom Day	27 April
Workers' Day	1 May
Youth Day	16 June
National Women's Day	9 August
Heritage Day	24 September
Day of Reconciliation	16 December
Christmas Day	25 December
Day of Goodwill	26 December

COVID-19 Skooltye 2021			
SUMMER		WINTER	
Monday	07:15 – 13:45	Maandag	07:25 – 14:00
Tuesday	07:15 – 13:45	Dinsdag	07:25 – 14:00
Wednesday	07:15 – 13:45	Woensdag	07:25 – 14:00
Thursday	07:15 – 13:45	Donderdag	07:25 – 14:00
Friday	07:15 – 13:30	Vrydag	07:25 – 13:30

## 2021 Skoolkalender/School Terms

Kwartaal/Term	Heropen/Opens	Sluit/Closes
2	03/05/2021	09/07/2021
3	26/07/2021	01/10/2021
4	11/10/2021	15/12/2021

Verder moet u asseblief kennis neem dat somertye gehandhaaf gaan word vir kwartale 1 en 4, en Wintertye van kwartale 2 en 3.

## REËLINGS VIR RES VAN DIE 2DE KWARTAAL 2021

### Arrangements for remainder of the 2ND term 2021

Gr	*Begin/Commences	Uitkom/Adjourns	Aantree/Place of arrival
12	07:25	14:00	voor podium
11	07:25	14:00	voor podium
10	07:25	14:00	voor saal
9	07:25	14:00	07:29 voor podium
8	07:25	14:00	07:29 voor saal

### DATUMLYS 2021

MEI 2021			
Ma	3	Skool open 07:30 Wintertye. Verdaag 14:00 Top 10 Balkies/graad uithandig Rapportafskeurstrokies en koeverte terug	Afsprake vir oueraand begin Sluitingsdatum Gr 10/11 Vakveranderings
Di	4	Pixley Rugbyproewe o/16 en o/18 HSDA	
Wo	5	Rapportafskeurstrokies en koeverte terug	
Vr	7	Portfolios to Parents - SMS	<b>Detensie</b> Ouerafsprake eindig
Sa	8	Sport vs Gariiep Tuis	
So	9	Moedersdag	
Ma	10	Intervensie 2 : Oueraand 17:15 Portfolios returned from Parents	Vakveranderings – Gr 10 en 11 klaar ATKV Redenaars - Aanlyn
Vr	14	Rugby Interstreek Proewe	
Sa	15	Rugby Interstreek Proewe	
Ma	17	Trompetbestellings begin	
Di	18	ATKV Senior Afr Olimpiade	
Vr	21	Rekeninge aan ouers – sms SMS Rek	<b>Detensie</b>
Sa	22	Sport vs Union High Tuis	
Vr	28	Kennisgewings: Eksterne Dissiplinêre verhore uit Kennisgewings: Interne Dissiplinêre verhore uit	Finale Griekwas Rugbyproewe
Sa	29	Netbal Diamonds Trials	Finale Griekwas Rugbyproewe
Ma	31	Trompetgelde in	
JUNIE 2021			
Wo	2	Gedigte aand	
Vr	4		
Sa	5	Sport vs Middelburg Tuis	<b>Detensie</b>
Ma	7	Koshuiskomitee 14:30 Finansiële Komitee 17:15	Eksterne Dissiplinêre verhore 17:00
Di	8	Interne Dissiplinêre verhore	
Wo	9	Drama Toneel	
Do	10	Opedag-Ouers Gr 6 & 7 - 17:30	



Vr	11	Opedag Gr 7-leerders/ Ouers Gr 6 & 7 - 12:00	
Sa	12	Sport vs Hartswater Weg	
Ma	14	SBL vergadering: 17:15	
Vr	18		<b>Detensie</b>
Sa	19	GW Rugby Bondedag	
So	20	Vadersdag	
Ma	21	<b>3 Skole SBL 17:30 LDA</b>	
Di	22	Mini-eksamen begin	
Wo	23	Kontroleer Arendpunte in eksamen kwartaal 1	
Vr	25	Rekeninge aan ouers – sms	
<b>JULIE 2021</b>			
Do	1	Top 10 Balkies/graad terugkry - graadhoofde	
Vr	2	Mini-eksamen eindig	<b>Detensie</b>
Sa	3	Sport vs Prieska Tuis	
Ma	5	Kontroleer punte	
Di	6	Kontroleer rapporte	
Wo	7	Netball Provincial Playoffs UPT	Gr 11 skadu-werksdag
Do	8	Gr 11 skadu-werksdag Netball Provincial Playoffs UPT	Rugby o/16 Grant Khomo Oefenkamp
Vr	9	Skole sluit - 10:00. Rapporte afhaal 08:00 tot 9:00	Rugby o/16 Grant Khomo Oefenkamp
Sa	10	Netball All Ages Toernooi	Rugby o/16 Grant Khomo Oefenkamp
Ma	12	Netball All Ages Toernooi	Rugby o/16 Grant Khomo PE
Di	13	Rugby Cravenweek Oefenkamp	Rugby o/16 Grant Khomo PE Netball All Ages Toernooi
Wo	14	Rugby Cravenweek Oefenkamp	Rugby o/16 Grant Khomo PE Netball All Ages Toernooi
Do	15	Rugby Cravenweek Oefenkamp	
Vr	16	Netball All Ages Toernooi	Rugby Cravenweek Oefenkamp
Sa	17	Rugby Cravenweek Oefenkamp	
Ma	19	Rugby Cravenweek Johannesburg	
Ma	26	<b>Skool open - 07:30. Wintertye. Verdag 14:00</b> Top 10 Balkies/graad uithandig	Sluitingsdatum vir gr 10 Vakveranderings Rapportafskeurstrokies en koeverte terug
Wo	28	Rapportafskeurstrokies en koeverte terug	
Vr	30	<b>Detensie</b>	Rekeninge aan ouers – sms
Sa	31	Sport vs Hopetown Tuis Kay Motsepe Netball Provincial Playoffs	

# Mission

The top school in the province, with a strong shared ethical value system which attracts learners through our ability to be inclusive while equipping them with both academic and healthy life principles, in order to step into the professional world effectively.

We attain this through innovative problemsolving and improvisation and co-operation of all the stakeholders.

# Missie

Om dié topskool in die provinsie te wees met 'n sterk waardesisteem wat leerders lok deur ons vermoë om op 'n inklusiewe basis, ons leerders holisties te ontwikkel,

om sodoende effektief tot die volwasse beroepswêreld toe te tree.

Ons doen dit deur innoverende probleemoplossing met die samewerking van alle belanghebbendes.

# Vision

A leading multi-cultural and dual-medium educational institution of excellence, that provides education of a Christian nature to equip young people to be assertive in all sectors of the South African society.

# Visie

'n Toonaangewende multikulturele en dubbel-medium onderwysinstelling van uitnemendheid wat opvoedende onderrig met Christelike waardes lewer, en jongmense toerus om verantwoordelik te wees in alle sektore van die Suid-Afrikaanse samelewing.